# DR MATTHYS NOLTE TROSKIE

# 25 September 1960 – 31 Oktober 2021



Die skaapbedryf het 'n groot steunpilaar verloor op 31 Oktober 2021 toe Matthys Nolte Troskie (61 jaar) aan Covid 19 verwante komplikasies oorlede is.

Nolte Troskie is op 25 September 1960 in Colesberg gebore. Hy het skoolgegaan in Aliwal-Noord en het uitgeblink in rugby (op skool en ook op universiteit) en was ook hoofseun van Hoërskool Aliwal-Noord. In die pantserkorps het hy uitgeblink as 'n offisier wat sy troepe met wedersydse respek gelei het, en dìe persoon waarop daar pyl getrek kon word.

Na sy kwalifikasie as veearts in 1988 begin hy 'n privaat praktyk op Burgersdorp. Op 9 Desember 1989 tree hy in die huwelik met Eline van Oostum (Lienkie). Hulle sou vanjaar hul 32e huweliksherdenking gevier het. Aangesien hy beide veearts en boer was, het Nolte hom toegespits op kleinvee reproduksie, wat veral laparoskopiese inseminasie, ultrasoniese sonar (scanning) asook die bepaling van ram geslagsgeskiktheid ingesluit het. Nolte en sy gesin verhuis in 1999 na Bloemfontein. Hy en Lienkie het 2 seuns, Christian (ook 'n veearts) en Anton (elektriese ingenieur). Nolte se beroep het hom op ver paaie gelei en hy het boere geken en besoek uit elke uithoek van Suid-Afrika (asook Namibië).

Sy rustige geaardheid en akkurate manier van werk, asook sy onwrikbare geloof in God het hom baie gewild gemaak onder sy kliënte.

Nolte is op Saterdag, 6 Oktober 2021 te ruste gelê op sy plaas, Haasfontein, Colesberg distrik, soos voorheen deur hom aangedui.

Sy seuns beskryf hom as volg: "Ons Pa was ons held, ons voorbeeld van hoe 'n man moet wees, ons steunpilaar en ons inspirasie. As ons tog net eendag die helfte van die man kan wees wat ons vader was."

Lienkie se woorde: " Hy was 'n man met 'n suiwer, sterk, eerbare, liefdevolle karakter - ek het die beste van die beste gehad as my eggenoot".